HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

Algemene Oueromsendbrief No 33 van 2020

20 Oktober 2020

Geagte Ouers/Voogde

Na aanleiding van die Algemene Jaarvergadering wat plaasgevind het op 19 Oktober 2020, gee ons graag die volgende inligting aan u deur.

Die skoolgelde vir 2021 is vasgestel op R31 700.00 per leerder en is soos volg betaalbaar.

1. 'n Eerste paaiementbetaling, (R3 170.00) wat deel vorm van die skoolgelde vir 2021, is betaalbaar voor of op 30 November 2020.
2. Indien u die volle skoolgelde vir 2021 voor of op 31 Desember 2020 betaal, ontvang u 'n kontantafslag van R2 850.00.
3. Indien u die volle skoolgelde vir 2021 voor of op 28 Februarie 2021 betaal, ontvang u 'n kontantafslag van R1 750.00.
4. Skoolgelde is betaalbaar op die 1ste van elke maand in 10 gelyke paaiemente vanaf 1 Januarie tot 1 Oktober 2021. (Die betaling wat u in November 2020 lewer - vereffen 1 Januarie 2021 se skoolgeldpaaiement.)
5. Bankbesonderhede is soos volg: Hoërskool Randburg; ABSA; Rek 170680065; Takkode 632005.
6. EFT betalings (**Gr 8 – 12**) gebruik asb die **Familiekode en van** as betalingsverwysing soos op die rekeningstaat. Indien u twyfel stuur epos aan debiteure@hsrandburg.co.za, mev E van Rooyen
7. Indien u die skoolgelde per debietorder wil betaal, moet u 'n debietordemagtigingsvorm voltooi. Stuur 'n epos aan debiteure@hsrandburg.co.za en ons sal die vorm aan u stuur, of u kan dit afhaal by mev E van Rooyen in die Finansieskantoor.

Die volgende is ingesluit in die skoolgelde vir 2021:

- alle vereiste akademiese opleiding;
- vervoer na alle amptelike akademiese, sport- en kultuurekskursies binne 100km radius;
- weeklikse ekstra klasse soos geskeduleer;
- sport- en kultuurafrigting;
- naskoolsentrum met Internetkafee;
- sentrum vir Akademiese Uitnemendheid (eerste sielkundige konsultasie);
- basiese sporttoerusting (spanverband).

Die volgende is uitgesluit in die skoolgelde vir 2021:

- skoolklere en sportdrag;
- handboeke en leermateriaal;
- verbruikersitems vir take;
- sosiale skoolfunksies;
- materiaal vir praktiese vakke;
- toer- en/of kamp- en kursusgelde;
- sakrekenaars en tekenapparaat;
- naskoolse individuele ekstra klasse – Let wel: groepsklasse is gratis;
- professionele afrigtersfooi – bo-en-behalwe normale afrigtingskoste vervat in begroting;
- langafstandvervoer – verder as 100km;
- persoonlike voorkeur sport-toerusting bv. krieketkolf, spykerskoene, ens.;
- persoonlike/individuele kondisionerings- en ontwikkelingsfooie. (Sport & Kultuur aktiwiteite.)

Aansoek om vermindering van skoolgelde kan in **Januarie 2021** gedoen word. Hierdie aansoeke sluit op 28 Februarie 2021. Vorms moet persoonlik by die kantoor afgehaal en ingehandig word. Geen fakse of e-posse word aanvaar nie.

Vriendelike Randjiegroete.

P BOOYSEN: Hoof
011 782 6226

T KNOETZE: Adjunkhoof
011 782 6226
Epos: hsrandb@global.co.za